# Hoofstuk van die dag: Hebreërs 5

> *Vaste kos is vir grootmense, vir mense wat oor insig beskik en wat deur ervaring geoefen is om tussen goed en kwaad te onderskei. (Heb 5:14)*

Die verskil tussen 'n baba en 'n volwassene is dat 'n

volwassene op sy eie bene kan staan. Net soos ’n volwassene nie meer net van melk en Purity kan leef nie, het ons in ons geestelike lewe ook meer nodig as om net te hoor hoe ons gered kan word (vers 12). Anders word jy deur elke wind van dwalleer omgewaai (Ef 4:14) en groei jou insig in die Woord nie (vers 13).
Daarby kan gelowiges wat nog baba’s in die geloof is, nie vir ander iets beteken nie, want hulle moet self gepamperlang word. Hulle vra aandag en wil versorg word, sonder om self verantwoordelikheid in die gemeente te neem.
Dis nie hoe God dit bedoel het nie. Hy het ons sy kinders gemaak sodat ons kan groei op geestelike gebied, soos Christus kan word. Natuurlik is kennis van Hom verskriklik belangrik. Maar geestelik volwasse wees beteken dat ons ook by ’n punt kom waar ons verantwoordelikheid vir mekaar begin aanvaar, waar ons begin werk in God se wingerd, waar ons vir ander mense iets begin doen.

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026